INSKRYWINGSVORM 2023 (FOOIE KAN JAARLIKS VERHOOG)

Datum van inskrywing: ______________________________

'n Nie-verhaalbare registrasiefooi is betaalbaar met inskrywing. Die fooi beloop R750 vir 2023

| | | |
|---|---|---|
| HALFDAG OPSIE 07H00 – 13H00 | R2 450.00 | |
| VOLDAG OPSIE 07H00 – 17H00 | R2 850.00 | |

ALLE FOOIE SOOS DIT VERSKYN OP DIE DOKUMENT IS EEN MAAND VOORUIT BETAALBAAR. GEBRUIK ASB U KIND SE NAAM EN VAN AS VERWYSING. PLAASKLONKIES KLEUTERSKOOL BEHOU DIE REG OM TOEGANG TOT DIE SKOOL TE WEIER SOU ENIGE VERANTWOORDELIKHEDE NIE NAGEKOM WORD NIE.

'n Getekende inskrywingsvorm dien as bindende kontrak tussen Plaasklonkies Kleuterskool en:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VOLLE NAAM VADER | | ID NOMMER | |
| EMAIL ADRES | | SELFOON NOMMER | |
| POSADRES | | FISIESE ADRES | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| VOLLE NAAM MOEDER | | ID NOMMER | |
| EMAIL ADRES | | SELFOON NOMMER | |
| POSADRES | | FISIESE ADRES | |

Bogenoemde is ouers/voog van: ________________________ Geboortedatum: ______________

Enige allergieë: ____________________________________________________________________

('n Afskrif van die kliniekkaart en geboortesertifikaat moet saam met die inskrywingsvorm ingehandig word.)

Ons het die reëls en regulasies verbonde aan inskrywing aan Plaasklonkies soos uiteengesit in die sewe bladsye van hierdie dokument, gelees en verstaan die inhoud daarvan.

Vandag se datum is: ___________________________

Handtekening Vader _______________________ Volle name in drukskrif ________________________

Handtekening Moeder _______________________ Volle name in drukskrif ________________________

Naam en ID no van ander persoon met magtiging om kind op te laai: ______________________________

VALOZONE 288 CC T/A PLAASKLONKIES, STANDARD BANK, REK NO: 30222 3959, TAKKODE: 014737

Gebruik asb u kind se naam en van as verwysing.

plaasklonkies
waar ons speel-speel leer

REÈLS EN REGULASIES

1. 'n Nie-verhaalbare registrasiefooi van R750 is vooruit betaalbaar. 'n Getekende inskrywingsvorm dien as bindende ooreenkoms vanaf aanvangsdatum totdat verdere kennisgewing geskied.
2. 'n Pro rata fooi is slegs 'n opsie waar 'n kind deur die loop van die maand aanvaar word.
3. 'n Herregistrasiefooi is jaarliks betaalbaar voor einde November om u kind se plek vir die volgende jaar te verseker. Die fooi sal jaarliks voor herregistrasie aan u gekommunikeer word.
4. Die maandelikse fooi is uitgewerk oor 52 weke en verdeel deur 12 maandelikse paaiemente. ***Dit beteken dat die maandelikse fooi vir Desember-maande ook geld.***
5. Die ouers/voog stem hierby in tot die betaling van fooie onderworpe aan die terme en voorwaardes soos dit verskyn in die kontrak.
6. ***Fooie is vooruit betaalbaar voor die derde van elke maand.*** Plaasklonkies sal die hele jaar oop wees op normale werksdae, behalwe publieke vakansiedae, skolevakansiedae en 'n 2-week periode oor die Kersgety. ***Betaling van fooie is steeds van toepassing gedurende die tydperk.***
7. Let asb daarop dat geen vermindering van fooie toegelaat sal word vir afwesigheid weens siekte, vakansie of welke rede ookal nie.
8. Ouers moet asb die skool laat weet indien u kind om welkde rede ookal, afwesig is.
9. ***Skoolfooi is onderhewig aan 10% verhoging per jaar.***
10. Nie-betaling van fooie word gesien in 'n ernstige lig. Onbetaalde fooie kan daartoe lei dat u rekening oorhandig word aan skuldinvorderaars en u gevra word om u kind te onttrek. Enige kostes wat mag spruit uit die verhaling van onbetaalde fooie is en bly die verantwoordelikheid van die ouers/voog.
11. ***Wanneer 'n kind onttrek word bly dit die verantwoordelikheid van albei partye om een kalendermaand skriftelike kennis te gee. Fooie is steeds van toepassing gedurende die periode. November mag nie dien as kennismaand nie. Indien u kind onttrek en nie die opvolgende Januarie ingeskryf sal wees by Plaasklonkies nie, moet u kennis gee op 1 Oktober. Dieselfde geld vir die Gr. RR'e. Vir die kinders wat Gr.R toe gaan die volgende jaar dien Desember as kennismaand en die betaling van fooie is steeds van toepassing.***
12. Skool open om 07h00 en sluit om 17h00.
13. Kinders moet asb op tyd afgehaal word. Addisionele fooie sal van toepassing wees op die laat afhaal van kinders. Plaasklonkies moet asb so gou as moontlik in kennis gestel word as 'n kind laat afgehaal word sodat die nodige reëlings met die staf getref kan word. Die laatkom-fooi beloop R50 vir elke halfuur of deel daarvan.
14. Geen kind mag by die hek afgelaai word nie. Alle kinders moet deur die ouer / voog / verantwoordelike persoon na die klaskamer geneem word en aan die verantwoordelike personeellid oorhandig word.

082 700 9970
plaasklonkies.co.za

Ravel Road 75 | Mantevrede | Vanderbijlpark
P.O. Box 107 | Park South | 1910
Reg. No.: 2011/100658/23

15. Kinders mag slegs afgehaal word deur hul ouers/voog of persone met magtiging deur die ouers/voog. Geen kind sal toegelaat word om die perseel te verlaat saam met 'n persoon onbekend aan die staf tensy die ouers/voog vooraf gereël het nie. Die persoon wat die kind kom afhaal moet in staat wees om sy/haar ID dokument te toon.
16. 'n Uitteken register moet deur die persoon wat die kind kom afhaal voltooi word.
17. Daar is 'n elektroniese hek by die kleuterskool se ingang. Skyfies kan gekoop word by die kantoor om toegang tot Plaasklonkies te verkry. ***Alle persone wat die perseel betree of verlaat moet seker maak dat al die hekke stewig toe is agter hulle.***
18. Kinders met erge verkoue/griep wat se aktiwiteitsvlakke geaffekteer is, wat koorsig is of met enige ander aansteeklike siekte moet asb by die huis gehou word totdat hulle gesond is. Kinders wat antibiotika neem vir ernstige aansteeklike siektes mag nie die skool bywoon vir die eerste drie dae van die antibiotika-kursus nie. Die besluit of 'n kind skool mag bywoon nie is oorgelaat aan bestuur se diskresie.
19. Medisyne voorgeskryf deur 'n dokter moet persoonlik aan die onderwyseres/personeellid oorhandig word met duidelike instruksies soos voltooi moet word op die Medisyne Register. Personeel sal onder geen omstandighede medisyne of instruksies van 'n kind aanvaar nie. Geen medikasie mag in 'n kind se sak gelos word nie.
20. Aan die begin van elke kwartaal moet die volgende asb skool toe gestuur word:
    - 3 toiletrolle
    - 1 boks tissues
    - 1 bottel handseep
    - 1 pak wet wipes
    - 1 toiletverfrisser
21. Elke kind ingeskryf moet asb van die volgende items voorsien word:
    - 'n Sak met 'n ekstra stelletjie klere. Meer as een ekstra stel vir potty trainertjies asb.
    - Kombersie vir rustye. Kussinkies word voorsien.
    - 'n Hoedjie/sonblok vir warm sonnige dae.
    - Warm baadjie op koeler dae.
    - 'n Duidelik gemerkte waterbottel
    - 'n Haarborsel
    - 'n Pennesakkie met kryt ( Jumbo vetkryt by 2-3 's en uitdraaikryte by seniors)

***Alle items moet asb duidelik gemerk wees.***

***22.*** Nuusbriewe en inligting word gereeld via whatsapp-groepe en e-mail gekommunikeer. Plaasklonkies het ook 'n webtuiste en Facebook-blad. Indien u enige besware het dat foto's van u kind op hierdie platforms geplaas word, stel asb die bestuur skriftelik in kennis.

plaasklonkies
waar ons speel-speel leer

23. ***Neem asb kennis dat die personeel nie hul fone gedurende klastye en buitespel mag gebruik nie. Indien u met u kind se onderwyseres wil praat kan u die kantoor skakel op 066 201 6483 of alternatiewelik vir bestuur op 082 700 9970.***
24. Enige verandering in persoonlike inligting moet asb aan die skool gekommunikeer word.
25. Kinders word ingedeel in klasse volgens die jaar waarin hulle gebore is.
26. Plaasklonkies se program volg 'n geselekteerde tema wat elke week voorsiening maak vir speletjies en aktiwiteite wat verband hou met die temas. Deur die program word daar aandag gegee aan verskeie aspekte van die kinders se ontwikkeling. Die koste verbonde aan die curriculum wat by die skool gevolg word, beloop R150 ekstra per kwartaal. Dit sal aangedui word op u maandelikse rekeningstaat.
27. 'n Weeklikse spyskaart is beskikbaar om ouers te help om nie maaltye te dupliseer tuis nie. Ons spyskaart is uitgewerk deur 'n geregistreerde dieetkundige. Die spyskaart verskyn op die kennisgewingborde by die skool.

| | | |
|---|---|---|
| Maaltydskedule: | 08h00 – 08h30 | Ontbyt |
| | 11h30 – 12h15 | Middagete |
| | 14h30 | Middag versnappering |

Indien u kind later as 08h30 afgelaai word, moet u asb seker maak dat hy/sy ontbyt by die huis nuttig.

28. Geen kosblikkies met lekkers sal toegelaat word by die skool nie.
29. Geen speelgoed mag skool toe gestuur word nie. Die personeel kan ongelukkig nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
30. Daar is verskeie buitemuurse aktiwiteite wat by die skool aangebied word. Dit sluit in Playball, Dance Mouse, Rugga Kids, Kinderkinetika, Stimuzone, Jolly Gimnastics. Neem asb kennis dat Plaasklonkies glad nie betrokke is by die bestuur en administrasie van die buitemuurse aktiwiteite nie.
31. Trek asb vir u kind ouer klere aan sodat hy/sy sorgeloos kan speel en nie bekommerd hoef te wees oor nuwe klere nie. Die kinders speel in sand, verf, werk in die grond en in warmer maande speel hulle met water. Ons het ook ponieritte gedurende plaasdae, maak asb seker dat u kind aangetrek is hiervoor.
32. Plaasklonkies en personeel behou die reg om mediese hulp te verkry vir enige siek/beseerde kind alhoewel pogings aangewend sal word om eers die ouers te kontak in so 'n geval. Die ouers/voog bly verantwoordelik vir enige kostes wat mag spruit uit mediese hulp wat benodig word vir u kind.

PLAASKLONKIES SE MOTTO

'Waar ons speel-speel leer'

PLAASKLONKIES SE MISSIE

1. By Plaasklonkies streef ons daarna om 'n atmosfeer te skep waarin die kinders kan leer deur spel. Ons wil graag hê dat elke kind veilig en geborge moet voel, beide emosioneel en fisies en om met respek deur ander behandel te word. Op die manier wil ons by hulle 'n liefde vir hul medemens, die natuur en bowenal hulself kweek om sodoende goed gebalanseerde mensies te word met die nodige lewensvaardighede om hul volle potensiaal te kan bereik.

VRYWARING

1. Hiermee gee ek, ______________________, ouer of voog van ______________________ toestemming dat my kind mag deelneem aan alle aktiwiteite soos dit deel maak van die dag se roetine.
2. Hiermee onderneem ek namens myself, my eggenoot en enige applikant om Plaasklonkies, bestuur en personeel te alle tye te vrywaar van enige eise wat mag voortspruit wat te make mag hê met enige verlies, en/of skade aan besittings of beserings van my kind.

Ek, ________________________________, met ID nommer ____________________________, die wettige ouer/voog van ___________________________________ aanvaar die termes en voorwaardes soos dit verskyn in die (7) sewe bladsye van hierdie dokument.

| | | |
|---|---|---|
| ________________________ | ________________________ | ________________________ |
| Handtekening | Naam en van in drukskrif | Datum |

*Ons hou nie op speel omdat ons oud word nie...*
*Ons word oud omdat ons ophou speel.*

082 700 9970
plaasklonkies.co.za

Ravel Road 75 | Mantevrede | Vanderbijlpark
P.O. Box 107 | Park South | 1910
Reg. No.: 2011/100658/23

# Medical history form

CHILD

Name of child: ______________________ Date of enrolment: ____________________
Date of birth: ____________________ (dmy) Age: ________________ Sex: M/F
Residential address: ______________________________________________
Amount of children in the family: ____________________ Ages: ____________________
Home language: _________________________________
Previous nursery school or crèche: ________________________________________

Potty training: Is your child potty-trained? Yes/No
Does your child still wear a nappy? Yes/No
Can your child visit the toilet on his/her own? Yes/No

Eating requirements: Can your child feed him/herself? Yes/No
Does your child drink a bottle? Yes/No
Can your child eat with a knife and fork? Yes/No

General: Can your child dress him/herself? Yes/No

Special diet requirements: ____________________________________________

PERSONS TO CONTACT IN THE CASE OF AN EMERGENCY OTHER THAN PARENTS:

1. Name: ____________________________ Relationship: __________________________
   Address: __________________________ Telephone no: _________________________
   E-mail address: ______________________

2. Name: ____________________________ Relationship: __________________________
   Address: __________________________ Telephone no: _________________________
   E-mail address: _______________________

MEDICAL HISTORY

Name of doctor: ____________________________ Telephone number: ____________________
Address of practice: _____________________________________________
Medical aid: ________________________________ Medical aid number: _____________

082 700 9970
plaasklonkies.co.za

Ravel Road 75 | Mantevrede | Vanderbijlpark
P.O. Box 107 | Park South | 1910
Reg. No.: 2011/100658/23

Did your child undergo any operations?  If so, give specifics please.

| Date | Type of operation | Number of days in hospital |
| --- | --- | --- |
| ____________________ | ____________________________ | ________________________ |
| ____________________ | ____________________________ | ________________________ |

Did your child suffer from any previous injuries?  Give specifics please.

______________________________________________________________________________

Did your child suffer from any of the following diseases:

| | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| CROUP | | MUMPS | | MENINGITIS | |
| GERMAN MEASLES | | DYPHTERIA | | OTITIS MEDIA | |
| MEASLES | | CHICKEN POX | | URINARY TRACT INFECTION | |

Does your child have epilepsy? Yes/No
Does your child suffer from asthma? Yes/No
Does your child suffer from any chronic disease? Yes/No If yes, please specify: _______________
Any known allergies? _________________________ Treatment for allergies: ________________________

***If your child requires an epi-pen/inhaler, please submit a photo of your child with a copy of the medical prescription.***

Does your child wear glasses? Yes/No
Does your child make use of a hearing aid? Yes/No

***No medication may be left in a child's bag.  Please hand all medication to your child's teacher/classroom assistant and complete the medication register with administering details.***

Is your child's immunization status up to date? Yes/No
(Please submit a copy of your child's Road to Health Chart with enrolment)

Hereby I , ________________________ with ID number _________________ declare that all information completed by me on this medical history form is true and correct.  Hereby I authorize Plaasklonkies Nursery School to seek medical help for my child whould the need arise.

Name: ________________________________ Signature: ________________________________
Date: ________________________________ Witness: ________________________________